# MITES OMTRENT DIE HUWELIK

Mite = Fabel (mith)
Algemene opvatting sonder feitlike grond.

**WAAR KOM MITES VANDAAN?**

1. Tradisies – Oupa het so gesê, ons glo dit
2. Kulturele agtergrond
3. Samelewing / Gemeenskap

## MITES OMTRENT DIE HUWELIK

### 1. SUKSESVOLLE HUWELIKE KOM VANSELF

**Beginsel:** Nie na iets omsien – verwaarloos dit

**HUWELIK IS 'N OOREENKOMS TUSSEN 2 PERSONE MET:**

1. Verskillende idees.
2. Verskillende agtergronde.
3. Verskillende uitkyk op die lewe.

*Genoeg rede waarom dit harde werk is.*

**Beginsel:** Geen sukses kom sonder harde werk.

Fil. 3:14
Jaag na groei/vordering
Sit aksie in.
Laat niemand in jou pad staan.

**TOEPASSING**

1. Neem besluit om daagliks aan huwelik te werk.
2. Werk aan een punt op 'n slag.
3. Wees geduldig – verandering neem tyd.

### 2. HUWELIKE KAN NIE GELUKKIG WEES NIE

Tv, media en gemeenskap beeld huwelik uit as 'n straf waar niemand gelukkig is nie.

Gelukkige huwelik kos harde werk, maar jy kan 'n gelukkige huwelik hê.

**HOE OM 'N GELUKKIGE HUWELIK TE HÊ**

Besluit te neem : Ek sal alles in my vermoë doen om my lewensmaat gelukkig te maak.

**WAT IS JOU PRIORITEIT**?

1. Hoe kan ek my lewensmaat gelukkig maak?
2. Hoe kan ek gelukkig gemaak word?

**Beginsel:** Doen aan ander wat jy wil hê hulle aan jou moet doen.

Fil. 2:3-5

**TOEPASSING**

Besluit: Fokus te verander van EK, MY na "Hoe kan ek my lewensmaat gelukkig maak?

**3. LIEFDE SAL VANSELF VOORTBESTAAN**

Liefde is soos 'n vuur - Moet hout opgooi om dit aan die brand te hou.

**Beginsel:** Liefde lewe – hoe meer ek gee, hoe meer ontvang ek

**HOE OM DIE VONK TERUG TE SIT IN JOU LIEFDE**

Openb. 2:4-5

**TOEPASSING**

1. Liefde kan verkoud.
2. Kyk terug hoe dit was.
3. Neem 'n besluit.
4. Doen eerste werke weer.

**4. BESITTINGS IS BELANGRIKER AS HERINNERINGE**

Wêreld/gemeenskap sê: Status is alles

Die gevaar: Besig om besittings bymekaar te maak en ons het geen herinneringe nie.

As jou lewensmaat eendag sterf, is dit net herinneringe wat oorbly.

**Beginsel:** Life is not a dress rehersal, but the real thing.

**TOEPASSING**

Maak tyd vir herinneringe.

Belê finansieël vir herinneringe.

# 4 KOMPONENTE VAN ‘N HUWELIK

| | |
|---|---|
| *Komponent beteken:* | *Deel of element van ‘n saamgestelde geheel (voorbeeld – tafel met 4 pote)* |

**4 BELANGRIKSTE KOMPONENTE (dele) VAN ‘N HUWELIK!**

1. God
2. Finansies
3. Kommunikasie
4. Seks

Indien hierdie komponente reg hanteer/bestuur word, lei dit tot ‘n gelukkige huweliksverhouding.

Indien die komponente verkeerd hanteer/bestuur word lei dit tot die verbrokkeling van die huweliksverhouding en uiteindelik egskeiding.

# 1. GOD

*Joh. 2:1-3*

Ware vrede = Jesus in lewe genooi is

Ware vrede in huwelik = Jesus in huwelik genooi is

Die Krisis ➡ vers 3

God is nie die waarborg dat daar nooit krisisse sal wees nie.

Wyn simboliseer ➡ Blydskap / vrolikheid

Die Belofte ➡ vers 9

As daar ‘n krisis is, is Jesus teenwoordig om ons te help, omdat ons Hom ingenooi het.

# 2. FINANSIES

*Goue reël omtrent finansies* ➡ *Uitgawes mag nie inkomste oorskry nie*

FINANSIËLE WYSHEDE

## 1. MOET 'N MAANDELIKSE BEGROTING HÊ

*Spr. 10:5*
*Spr. 20:18*

**In elke begroting moet die volgende wees**

### 1. $^{1}/_{10}$ AAN GOD – bo aan

*Spr. 3:9-10*
*Mal. 3:10*

Hoekom moet ons $^{1}/_{10}$ betaal?

1. 'n Opdrag vanaf God – gehoorsaamheid
2. Vir God se werk te voorsien – Spys in My huis
3. Bring seen op jou en hou vloek van jou weg

*The only spiritual way to increase your money is by increasing your giving.*

### 2. Begroot vir mekaar / "memories"

## 2. VERMY SKULD

*Spr. 22:7*

Voor skuld aangegaan word moet 2 dinge gevra word

1. *Kan ons dit bekostig?*
2. *Is dit 'n "need" of 'n "greed" (d.w.s. het ek dit nodig)*

*Each time we enter into a transaction on credit, we give away power, we lose control. We enslave ourselves. Losing our freedom to some institution or person called the creditor who has control over, and entitlement to, the fruit of our labour.*
*("Debt Trap or Debt Free" magazine)*

**3. POOG VIR SKULDVRYHEID**

*Real financial freedom starts with thinking Dept Free.*

**Aksies**

1. Een rekening op ‘n slag.
2. Meer op huisverband

**4. WEES OOP MET MEKAAR OOR DIE FINANSIES**

# 3. KOMMUNIKASIE

**Wat is kommunikasie?**

‘n Proses waardeur jy jouself met verbale en nie-verbale metodes aan ‘n ander verstaanbaar maak.

**Waaruit bestaan kommunikasie?**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1. | ONDERWERP | (Dit waaroor daar gesels word) | ➡ | 7% |
| 2. | STEMTOON | (Die emosievlak van die gesprek) | ➡ | 38% |
| 3. | LIGGAAMSTAAL | (Gesigsuitdrukking, swaai van arms) | ➡ | 55% |

**Grootste vyand in kommunikasie**

Kwaliteit Tyd

**Hulpbronne vir beter kommunikasie**

1. Beplan elke dag vir tyd vir kommunikasie:
   (Vroeg in oggend / na werk / wanneer dit die beste geleë is)
2. Doen dinge saam (alleen). Koffie by winkel, uiteet, naweek.

**2 Negatiewe vorms van kommunikasie**

**1.** **<u>Stilstuipe</u>**

Om te praat moet jy iets aan jou maat sê. Die onvermoë om te sê wat jou pla is 85% van huweliksprobleme.

**2.** **<u>Aggressie</u>**

Spr. 16:24

Spr. 15:1

# 4. SEKSUALITEIT

**<u>GOD SE STANDAARD VIR SEKSUELE ONSEDELIKHEID</u>**

***1 Kor. 6:10 –11 / 13 / 18 - 19***

1. Onsedelikheid is seks voor die huwelik met <u>enige iemand</u>.
2. Onsedelikheid is seks met enige iemand, behalwe jou <u>lewensmaat</u>.
3. Onsedelikheid is om wellus <u>gedagtes</u> te hê.
4. Onsedelikheid is om na naaktheid te kyk vir <u>seksuele opwekking</u>.

**<u>DIE HERE SE ANTWOORD VIR SEKSUELE VERSOEKINGS</u>**

***1 Kor. 7:2-5***

1. Die enigste oplossing vir Seksuele Onsedelikheid is seks binne die <u>huwelik</u>.
2. Huweliksmaat moet hulle seksuele verpligtinge <u>nakom</u>.
3. Die liggaam van jou huweliksmaat is onder jou gesag vir seksuele <u>plesier</u>.
4. Die versoek vir seks mag nie afgewys word nie, tensy altwee ooreenkom op ‘n bepaalde <u>tyd</u>.
5. Die uitstel van seks verswak selfbeheersing en plaas jou lewensmaat in <u>versoeking</u>.

***1 Tess 4:3-7***

# DIE ROL VAN DIE VROU

| | |
|---|---|
| ***Gen. 2:18*** | ***Ook het die Here God gesê: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas".*** |

**MOONTLIKE BRONNE VAN INLIGTING OMTRENT DIE ROL VAN DIE VROU?**

1. Gemeenskap / Society
2. Kultuur
3. Kerk
4. Woord van God

**HOE DEFINIEER DIE BYBEL DIE ROL VAN DIE VROU?**

Ook het God gesê: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas" (Genesis 2:18).

**HELPER?**

Die bybel se ekwivalent van 'n helper is die Heilige Gees.

**HOE KAN DIE VROU HAAR MAN HELP?**

1. Die vrou moet die man help om sy droom te verwesenlik.
2. God het vir die man 'n hulp gegee wat by hom pas (Gen. 2:18).
3. Die man verklaar die hulp wat hy nodig het.

**HULP WAT ELKE MAN VAN SY VROU VERLANG.**

1. Motivering
2. Aanmoediging
3. Respek
4. Bystand om droom te bereik
5. Vertroue – geloof in jou man

**DIE VRAAG WAT ELKE VROU HAAR MAN MOET VRA.**

Hoe kan ek jou help?

# DIE ROL VAN DIE MAN

| | |
|---|---|
| ***Eff. 5:23*** | ***"Want die man is die hoof van die vrou, soos Christus ook die Hoof van die gemeente, en Hy is die verlosser van die liggaam".*** |

Vanaf God se oogpunt is die man die hoof / leier in die huwelik. (een wat verantwoordelik is)

**KLAGTES VAN DIE MEESTE VROUENS**

Man neem nie leiding nie – hy is passief.

## WAAROM IS SO MIN MANS LEIERS?

**I. VERKEERDE DENKPATROON**

Ek weet nie genoeg om die leiding te neem.

Ek het te min vertroue.

Ek is nie suksesvol genoeg om leiding te neem.

***You don't earn the right to be the leader,***
***God has appointed you as the leader.***

**II. VERKEERDE OPTREDE**

1. Passiviteit
2. Outokraties

⇨ ***2 uiterstes***

**HOE MOET 'N MAN LEIDING NEEM?** (Eff. 5:25)

In liefde – lei in liefde

**HOE MOET 'N MAN NIE LEIDING NEEM?**

Outokraties

**PRAKTIESE LEIEREIENSKAPPE IN DIE HUWELIK**

***1 Tim. 3:1,4-5***
***Lukas 19:17***

1. Beskermer (fisies sowel as emosioneel)
2. Voorsienaar
3. Rigtingaanwyser
4. Generaal – neem finale besluit as daar nie eenheid is nie.
5. Priester – sorg vir geestelike welstand in huis.

# DIE VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE MAN

***Eff. 5:25 Manne, julle moet julle eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het".***

Kol. 3:19 "Manne, julle moet julle vroue liefhê en nie teen hulle verbitterd word nie."

**WAT IS DIE EIENSKAPPE VAN LIEFDE WAT 'N MAN VIR SY VROU MOET HÊ?**

1. Die man moet haar liefhê soos God lief het.
2. Die man se liefde vir sy vrou is 'n opdrag.
3. 'n Man se liefde vir sy vrou is 'n doelbewuste keuse.

**3 MANIERE HOE 'N MAN SY VROU MOET LIEFHÊ?**

1. Wees lief vir jou vrou met Goddelike liefde, soos Christus die kerk liefhet. (Eff. 5:25).
2. Wees lief vir jou vrou soos jy jou eie liggaam liefhet. (Eff. 5:28-29)
3. Wees lief vir jou vrou soos vir jouself. (Eff. 5:33)

**BYBELSE WAARHEDE**

1. Die griekse woord vir "liefde" in Efesiërs 5:25 en Kol. 3:19 is Agape, en is dieselfde woord as in Joh. 3:16 en Mark. 12:30.
2. Die man se grootste verantwoordelikheid in die huwelik, volgens God se Woord, is om sy eie vrou lief te hê.
3. Belangrikhede omtrent Efesiërs 5:25
   - 3.1 Mans moet hulle eie vrou liefhê.
   - 3.2 Dis nie 'n vraag nie, dis 'n opdrag.

***"One of the great illusions of our time is that love is self-sustaining. It is not, love must be fed, and nurtured, constantly renewed." David R. Mace***

***"One loving heart set another on fire." St. Augistine***

## MAAR EK HET HOM OF HAAR NIE MEER LIEF NIE.

Openbaring 2:4-5

# DIE VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE VROU

| | |
|---|---|
| ***Kol. 3:18*** | ***"Vroue wees aan julle eie mans onderdanig soos dit betaamlik is in die Here".*** |

***Eff. 5:22***

**BETEKENIS VAN ONDERDANIG**

ONDERDANIG – SUBMIT

HUPOTASSO Grieks – Literally "to stand under"

The word suggests – subordination – obedience - submission

**BETEKENIS IN DIE BYBEL**

1. Om jouself te onderwerp aan outoriteit (Rom 13:1).
2. Om outoriteit te respekteer (Heb. 12:9).
3. Om onderdanig te wees aan outoriteit (Lukas 10:17).

**BYBELSE BEGINSELS OMTRENT ONDERDANIGHEID**

1. God beveel dit.
2. Vroue moet onderdanig wees aan hulle eie mans (Kol. 3:18).
3. Vrou moet onderdanig wees deur haar eie wil.
4. Onderwerping sluit nie sonde in nie (breek van God se wet).
5. Vroue moet aan hulle eie mans onderdanig wees soos aan die Here (Eff. 5:22).
6. Die vrou moet onderwerp met 'n sagmoedige en stille gees.

   1 Petrus 3:3-4

**TOEPASSING**

1. Vergewe jou man vir enige seer wat jou submissie verhinder.
2. Vertrou op die Heilige Gees om jou te bekragtig om te onderwerp.

# KONFLIK IN DIE HUWELIK

Ons lewens bestaan uit verhoudings.

Ons grootste seer, bitterheid, vrees, verwerping het gekom as gevolg van verhoudings.

Waar daar verhoudings is, is daar verskille dus konflik.

Konflik is dus deel van verhoudings.

Seer, bitterheid, verwerping en vrees het nie ontstaan as gevolg van konflik nie, maar as gevolg van die verkeerde hantering van konflik.

Konflikhantering is belangrik in die huwelik want dit is hoe ons mekaar leer ken.

## STAPPE OM KONFLIK TE HANTEER

1. Gee jou lewensmaat die reg om te verskil.
2. Moenie onttrek of stilswye handhaaf nie.
3. Moenie mekaar se karakter aanval nie.
4. Kyk na die probleem.
5. Kies die regte tyd.
6. Moenie mekaar beskuldig nie. Vermy die woord “jy” en “moes”.

## WAT SE DIE BYBEL?

Fil. 2:2-9

Kol. 3:13

Gal. 2:20

# ONTROUHEID IN DIE HUWELIK

***Maleagi 2:13-16***

VERS 13 ⟹ **TOESTAND VAN ISRAEL**

1. Trane
2. Geween
3. Versugting
4. Ervaar nie God se seëninge
5. Geen deurbraak

VERS 14 ⟹ **WAAROM?**

Ontrouheid aan lewensmaat

VERS 16 ⟹ **GEVOLG VAN ONTROUHEID?**

Egskeiding

**3 SOORTE ONTROUHEDE IN DIE HUWELIK**

**1. SEKSUELE ONTROUHEID**

Heb. 13:4

Egbreker ⟹ Enige iemand anders as jou lewensmaat seksueel verkeer nadat jy getroud is.

Hoereerder ⟹ Met enige iemand seksueel verkeer voordat jy getroud is.

| | | |
|---|---|---|
| Veilige seks | = | SEKS IN DIE HUWELIK |
| God se antwoord vir vigs | = | TOTALE ONTHOUDING |

GEVOLG VAN SEKSUELE ONTROUHEID

1 Thessalonicense 4:3-8

*"The Lord punish men for all such sins". (NIV vertaling)*

OPLOSSING VIR SEKSUELE VERSOEKINGS

1 Kor. 6:18

Voorbeeld : <u>Josef</u>

DIE GOEIE NUUS

1 Kor. 6:10-11

<u>Afwas deur bloed van Jesus</u>

Spr. 28:13 ⟹ <u>Breek met sonde</u>

## 2. EMORELE ONTROUHEID

3 VORMS VAN SEKSUEEL IMMORELE SONDES

- Wellus gedagtes te hê oor 'n ander persoon (Matt. 5:28)
- Om enige iets te kyk of na te luister om jouself seksueel op te wek.
- Na naaktheid te kyk vir plesier.

## 3. PRIORITEITS ONTROUHEID

1. God is 'n God van <u>orde / prioriteite</u>.
2. God se prioriteite bly <u>onveranderd</u>.
   - God 1ste
   - Lewensmaat 2de
   - Kinders 3de

## WANNEER IS JY PRIORITEITS ONTROU?

1. Enigiets wat ‘n hoer prioriteit as jou lewensmaat het.
2. Enigiets belangriker as jou lewensmaat.
3. Iets meer liefde gee as lewensmaat.
4. Iets meer aandag gee as lewensmaat.

## GEN. 2:24

Niks mag toegelaat word om eenheid te verbreek nie.

1. Werk
2. Kinders
3. Geld
4. TV
5. Stokperdjie
6. Familie

## TOEPASSING

**Mal. 2:16**

Neem in ag

Guard yourself

Watch upon your spirit

Rule over your spirit

Beskerm jouself